basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

## GRAAD 11

## GESKIEDENIS V2

## MODEL 2013

## ADDENDUM

**Hierdie addendum bestaan uit 12 bladsye.**

**VRAAG 1: HOE HET DIE VRYHEIDSMANIFES 'N GEVOEL VAN NASIESKAP ONDER ALLE SUID-AFRIKANERS AANGEMOEDIG?**

**BRON 1A**

Die Kongres-alliansie het 'n beroep op alle Suid-Afrikaners gedoen om hulle griewe en idees oor die tipe Suid-Afrika wat hulle wou hê, in te stuur. Hierdie is 'n uittreksel van sommige van die griewe teen apartheid.

**ONS ROEP DIE BOERE VAN DIE RESERVATE EN TRUSTGEBIEDE!**

Laat ons praat oor die wye lande en die dun strokies waarop ons swoeg. Laat ons praat oor die broers sonder grond en die kinders sonder onderrig. Laat ons praat oor belasting en van vee en van hongersnood.

'**LAAT ONS PRAAT VAN VRYHEID! ONS ROEP DIE STEENKOOL-, GOUD- EN DIAMANTMYNWERKERS!**

Laat ons praat van die donker skagte en die koue mynkampe ver van ons families af.

[Uit: Fifty Years of the Freedom Charter deur J Cronin]

**SOURCE 1B**

Hierdie foto toon 'n afvaardiging tydens 'n optog na Kliptown met hul eise op 26 Junie 1955.




[Uit: *Readers Digest Illustrated History of South Africa*]

Die plakkate sê die volgende:

- Stemreg vir almal
- Vryheid van spraak
- Ons wil beter huise hê
- Gelyke werk vir gelyke betaling
- Gratis onderwys
- Weg met Bantoe-onderwys

## BRON 1C

Hieronder is 'n uittreksel uit die Vryheidsmanifes.

### DIE VRYHEIDSMANIFES

Ons, die Mense van Suid-Afrika, verklaar aan almal in ons land en die wêreld:

- *Klousule 1*, ***Die Mense sal Regeer***, bevestig die reg van almal, ongeag ras, kleur of geslag, om te kan stem;
- *Klousule 2*, ***Alle Nasionale Groepe Sal Gelyke Regte Hê***, waarborg gelykheid voor die wet, in skole en verbied rassistiese teistering;
- *Klousule 3*, ***Die Mense Sal Die Land Se Rykdom Deel,*** vra vir die nasionalisering van die myne, banke en industriële monopolieë, en vir alle mense om gelyke ekonomiese regte te hê;
- *Klousule 4*, ***Die Grond Sal Gedeel Word Deur Dié Wat Dit Bewerk***, dring aan op die herverdeling van grond, sowel as die afskaffing van enige beperkings op beweging van mense, toegang tot grond, en die besit van vee;
- *Klousule 5*, ***Almal Sal Gelyk Wees Voor Die Wet***, belowe die afskaffing van aanhouding of verbanning sonder verhoor, sowel as alle diskriminerende wette;
- *Klousule 6,* ***Almal Sal Gelyke Menseregte Geniet***, waarborg vryheid van spraak, aanbidding en assosiasie, en ongehinderde vryheid van beweging;
- *Klousule 7*, ***Daar Sal Werk En Sekuriteit Wees,*** erken die reg van almal om te werk, en gelyke betaling vir gelyke werk, bepaal minimum werksomstandighede, en belowe om kinderarbeid af te skaf;
- *Klousule 8*, ***Die Deure Van Onderwys En Kultuur Sal Oopgemaak Word***, bepaal die beginsels van vrye, universele, verpligte en gelyke onderwys, belowe om ongeletterdheid uit te wis, en onderneem om alle kultuur-, sport- en onderwys-kleurgrense te verwyder;
- *Klousule 9,* ***Daar Sal Huise, Sekuriteit en Gemak Wees***, belowe behoorlike huise vir almal, die uitwissing van agterbuurtes en afgekampte townships, behoorlike mediese sorg vir almal, sowel as sorg vir bejaardes, gestremdes en weeskinders;
- *Klousule 10*, ***Daar Sal Vrede en Vriendskap Wees***, sê dat Suid-Afrika die regte van ander state sal respekteer en na wêreldvrede sal streef.

Die Vryheidsmanifes sluit af: *'Laat almal wat hulle mense en hulle land liefhet nou sê, soos ons hier sê: vir hierdie vryhede sal ons veg, sy aan sy, regdeur ons lewens totdat ons ons vryheid gewen het*.'

[http://www.anc.org.za/show.php?id=72]

**BRON 1D**

Hierdie foto, deur 'n onbekende fotograaf, wys hoe Afrikaniste uit 'n vergadering van die ANC by die Orlando-saal in November 1958 verwyder word. Die Afrikaniste het later die Pan Africanist Congress onder leiding van Robert Sobukwe gestig.



[Uit: *The World that made Mandela – A Heritage Trail of 70 Sites of Significancedeur*y deur L Callinicos]

**VRAAG 2: HOE HET DIE SESDAGOORLOG TUSSEN DIE JODE EN ARABIERE DIE SPANNING IN DIE MIDDE-OOSTE GEDURENDE DIE 1960's VERERGER?**

**BRON 2A**

Hierdie bron fokus op die oorsake van die Sesdagoorlog.

Die Verenigde Nasies kon nie vir lank die vrede bewaar nie. Elf jaar na die Suez-oorlog het nog 'n oorlog uitgebreek. Israel het voortgegaan om sy gewapende magte op te bou deur voorraad by Brittanje, Frankryk, die VSA en Wes-Duitsland te koop; die Arabiese state is deur die USSR gehelp.


Ondanks die teenwoordigheid van die Verenigde Nasies het grensskermutselinge tussen die Israeli's en Palestynse guerrillagroepe aangehou. Groepe soos Fatah en die Palestynse Bevrydingsorganisasie was 'n voortdurende probleem vir die Israelse veiligheidsmagte en diegene wat in nedersettings naby die grense gewoon het.

Teen 1967 het Nasser gevoel dat die Arabiese magte sterk genoeg was om Israel te oorwin. In Mei het Nasser opdrag gegee dat die VN-magte Egipte moet verlaat en hy het toe die Golf van Akaba na Israel gesluit sodat die hawe van Eilat geblokkeer was. Daar was ook troepbewegings naby Israel se grense met Libanon, Sirië en Jordanië (wie se magte deur Irakse, Saoedi-Arabiese en Algerynse troepe aangevul is).

[Uit: *The Arab-Israeli Conflict* deur T Rea en J Wright]

**BRON 2B**

'n Libanese spotprent wat wys hoe Israel deur die militêre magte van sy Arabiese bure omsingel word.



[Uit: *The Arab-Israeli Conflict* deur T Rea en J Wright]

**BRON 2C**

Hierdie bron fokus op die Israelse aanval op die Arabiese state.

Om 07:45 op 5 Junie 1967 het Israelse Mirage-stralers 'n verrassingsaanval op Egiptiese lugmagbasisse geloods. Deur laag te vlieg en streng radiostilte te handhaaf, het hulle Egiptiese vliegvelde en vliegtuie vernietig. Later daardie dag het nog 'n vlaag Israelse stralers die Jordaniese, Siriese en Irakse lugmagte vernietig. Alhoewel die oorlog skaars 'n dag oud was, was dit feitelik reeds verby. Met die Egiptiese lugmag buite aksie, het die Israelse weermag die Sinaiwoestyn binnegedring. Soos Egiptiese troepe teruggeval het, is hulle by die Mitlapas vasgevang, waar hulle deur Israeliese vliegtuie gebombardeer is. Binne ses dae is Egiptiese troepe teruggedwing na die Suezkanaal.

Elders het die Israeli's dieselfde uitstekende sukses behaal. Die Wesoewer en Jerusalem is van Jordanië afgeneem. By die Klaagmuur het die Minister van Verdediging, Moshe Dayan uitgeroep: 'Ons het teruggekeer na hierdie heiligdom, om dit nooit weer te verlaat nie.' Aan die noordelike front het Israel Sirië se Golanhoogland beset. Teen 10 Junie was die Arabiere verslaan en ontmoedig. Vir Israel was die oorlog 'n skitterende sukses. Hy het meer as 70 000 vierkante kilometer grond bekom en het nou verdedigbare grense gehad. Op 'n negatiewe noot was daar egter ongeveer 350 000 nuwe vlugtelinge en Israel het die probleem gehad om oor nog 'n miljoen Arabiere te regeer.

[Uit: *The Arab-Israeli Conflict* deur SJ Perkins]

**BRON 2D**

Die uittreksel hieronder het te doen met Resolusie 242.

Die Sowjetunie het ook 'n terugslag beleef met die nederlaag van sy bondgenote in die Midde-Ooste. Aan die begin kon hy net met woorde antwoord. In die Algemene Vergadering van die VN het hy 'n beroep op Israel gedoen om onmiddellik uit die verowerde grondgebied te onttrek. In 1956 het hierdie soort druk versoorsaak dat Israel onttrek het. Nou, in 1967, was die situasie anders. Hierdie keer het Israel die steun van 'n supermoondheid gehad. Die Verenigde State het sy invloed gebruik om te verhoed dat die Sowjetunie die ondersteuning van tweederdes van die lande van die VN, wat hy nodig gehad het om die resolusie te laat slaag, te wen. Die Verenigde State, Brittanje en Israel was daarna vry om 'n kompromisresolusie aan die Veiligheidsraad voor te lê, wat eenparig aangeneem is. Dit was Resolusie 242 van 22 November 1967. Dit het sedertdien die basis gevorm van 'n skikking van die Arabies-Israelse konflik. Resolusie 242 het gevra vir:

1. Die onttrekking van Israelse gewapende magte uit gebiede wat gedurende die Sesdagoorlog beset is.
2. Die einde van alle vyandigheid en die erkenning van die soewereiniteit, gebiedsintegriteit en politieke onafhanklikheid van elke staat in die area en hulle reg om in vrede te lewe binne veilige en erkende grensgebiede.

[Uit: *The Arab-Israeli Conflict: Modern Times* deur SJ Houston]

## VRAAG 3: WATTER STRATEGIEË HET BEVRYDINGSORGANISASIES NA DIE 1950's TEEN DIE APARTHEIDSREGERING GEBRUIK?

### BRON 3A

Hierdie bron lewer kommentaar op hoe Nelson Mandela Gandhi se beleid van geweldloosheid verstaan het.

Nelson Mandela beskryf 'n bespreking tussen die ANC en die Suid-Afrikaanse Indiese Kongres (SAIK) nadat die gesamentlike Versetveldtog aangekondig is. 'Ons het bespreek of die veldtog die Gandhiese beginsels van geweldloosheid moes volg, of wat die Mahatma Satyagraha genoem het, 'n geweldloosheid wat poog om deur oorreding te oorwin. Sommige het op suiwer etiese grondslag vir geweldloosheid geargumenteer, en gesê dit is moreel verhewe bo enige ander metode'.

Ander was ten gunste van 'n taktiese benadering en het gesê die metode van weerstand moet afhang van die heersende omstandighede. Mandela se eie mening was: 'Ek het geweldloosheid in die Gandhiese model nie as 'n onskendbare (onbreekbare of heilige) beginsel beskou nie, maar as 'n taktiek wat gebruik kon word soos die situasie vereis ... Ek het gevra vir geweldlose optogte vir so lank as wat dit effektief was'.

In sy outobiografie lewer Mandela kommentaar op sy gevoelens oor die nutteloosheid van geweldloosheid na toenemende onderdrukking van die regering kort na die Versetveldtog. 'Ek het gesê dat die tyd vir passiewe weerstand verby was, dat geweldloosheid 'n nuttelose strategie was en nooit die wit minderheidsregime wat sy mag ten alle koste wou behou, omver kon werp nie. Uiteindelik, het ek gesê, was geweld die enigste wapen wat apartheid sou oorwin en ons sou in die nabye toekoms gereed moes wees om daardie wapen te gebruik.

[Uit: *New History of South Africa* deur H Idiome en B Boenga]

**BRON 3B**

Hierdie foto (fotograaf onbekend) beeld die vier leiers van die Vroueoptog uit wat hul petisies op 9 Augustus 1956 by die Uniegebou afgelewer het. Hulle is, van links na regs, Ahimsa Moas, Ilia Ingoeie, Helen Joseph en Sophie Williams.



[Uit: *Apartheid to Democracy: South Africa 1948–1994* deur T Nuttal et al.]

**BRON 3C**

Die volgende brief is deur R Sobukwe (leier van die PAC) aan die Kommissaris van die Suid-Afrikaanse Polisie, Majoor-Generaal CI Rademeyer, geskryf net voor die veldtog teen die paswette op 21 Maart 1960.

Meneer

My organisasie, die Pan Africanist Congress, sal op Maandag 21 Maart 1960 'n volgehoue, gedissiplineerde, geweldlose veldtog teen die paswette begin. Ek het ook streng instruksies gegee, nie net aan die lede van my organisasie nie, maar ook aan swart mense oor die algemeen, dat hulle nie hulleself moet toelaat om deur enigeen tot gewelddadige optrede uitgelok te word nie. In die persverklaring wat ek binnekort bekendmaak, herhaal ek hierdie beroep en doen ook een op die polisie.

Ek skryf nou om u te vra om instruksies aan die polisie te gee om hulle te weerhou van enige optrede wat tot geweld kan lei. Dit is ongelukkig waar dat baie wit polisiemanne, wat in 'n rassistiese Suid-Afrika grootgeword het, hulself as kampvegters vir wit oorheersing beskou en nie as polisiebeamptes nie.

Ons sal onsself aan die polisie oorgee vir arrestasie. Indien opdrag gegee word om te verdaag, sal ons. Maar daar kan nie van ons verwag word om heen en weer te hardloop omdat 'n snellerverskrikte jong wit polisiebeampte wat swartes haat duisende of selfs honderde mense drie minute gee om hulle liggame uit sy onmiddellike omgewing te verwyder nie.

Ek hoop dat u sal saamwerk om hierdie 'n vreedsame en gedissiplineerde veldtog te maak.

[Uit: *Robert Sobukwe – How can man die better* deur B Pogrund]

**BRON 3D**

Hierdie foto (fotograaf onbekend) beeld die betogers teen die paswette uit wat van die polisiebeamptes se skietery af weghardloop op die dag van die Sharpeville-slagting (21 Maart 1960).



[Uit: http://media.photobucket.com]

## ERKENNINGS

Visuele bronne en ander historiese bewyse is uit die volgende publikasies geneem:

Callinicos, L 2000. *The World that made Mandela – A Heritage Trail of 70 Sites of Significance* (STE Publishers)

Cronin, J 2006. *Fifty Years of the Freedom Charter* (Unisa Press)

Giliomee, H en Mbenga B 2007. *New History of South Africa* (Tafelberg)

Houston, SJ 1989. *The Arab-Israeli Conflict: Modern Times* (Longman)

http://www.anc.org.za/show.php?id=72

http://media.photobucket.com

Nuttal, T et al. 1998. *Apartheid to Democracy: South Africa 1948–1994* (Shuter & Shooter)

Perkins, SJ 1991. *The Arab-Israeli Conflict* (Nelson Thornes Ltd, United Kingdom)

Pogrund, B 1990. *Robert Sobukwe – How can man die better* (Jonathan Ball Publishers)

*Readers Digest Illustrated History of South Africa* (Reader's Digest Association, Incorporated, 1989)

Rea, T en Wright, J 1997. *The Arab-Israeli Conflict* (Oxford University Press)

Kopiereg voorbehou